

WAT OP AARDE SOEK EK HIER 3: SEËN VAN INTEGRITEIT

WANNEER UITDAGINGS KOM, LEER JY WIE JY IS / WIE OM JOU IS / JOU VERMOË

1 John 2:16

Want alles wat in die wêreld is — die begeerlikheid van die vlees (Lustigheid) en die begeerlikheid van die oë (Gierigheid) en die grootsheid van die lewe (Trots) — is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

NEDERIGHEID / **INTEGRITEIT** / VRYGEWIGHEID

VOORBEELD VAN GESKENK VAN INTEGRITEIT:

Daniël 3:12 (AOV)

12Daar is Joodse manne wat u oor die bestuur van die provinsie Babel aangestel het, Sadrag, Mesag en Abednégo;

Daniël 3:16-19 (AOV)

16Sadrag, Mesag en Abednégo het geantwoord en aan koning Nebukadnésar gesê: *Ons ag dit nie nodig om u hierop 'n antwoord te gee nie.*

17As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; 18maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.

HULLE NEDERIGHEID MAAK RUIMTE VIR INTEGRITEIT

Nederigheid = om God in alles eerste te stel.

HOE ERNSTIG IS INTEGRITEIT VIR DIE HERE?

Handelinge 5:1-5 (AOV)

1Maar 'n sekere man met die naam van Ananías het saam met sy vrou Saffira 'n eiendom verkoop, 2en ook met die medewete van sy vrou van die prys agtergehou en 'n sekere deel gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

3Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou?

4As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God. 5En toe Ananías hierdie woorde hoor, het hy neergeval en gesterwe; en 'n groot vrees het gekom oor almal wat dit gehoor het.

HOEKOM SAL DIE HERE SO DRASTIESE IETS DOEN?

Gaan nie oor sonde soos ons dit sien nie.....

1. INTEGRITEIT is direkte uitdrukking IDENTITEIT.

INTEGRITEIT HET GESKUIF VAN WIE ANDER EN SELF SÊ EK IS NA WIE GOD SE EK IS
CHRISTUS SE NAAM IS ORAL OP MY BOOT GESKRYF

INTEGER - winskunde - INTEGRITEIT = OM EEN LEWE TE LEWE.

ANANIAS EN SAFFIRA SE ISSUE WAS NIE SONDE NIE, MAAR IDENTIFIKASIE!

KAIN SE ISSUE WAS NIE JALOESIE NIE, MAAR IDENTITEIT.

2 KOR 5:14-21 (AOV)

14Want die liefde van Christus dring ons, 15omdat ons van oordeel is, dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; en Hy het vir almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is.

16Ons ken dus van nou af niemand meer na die vlees nie; en al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons *Hom* tóg nie meer so nie.

17Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. 18En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, 19naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

20Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.

21Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

**WANNEER STORM KOM EN EK IDENTIFISEER NIE MET GOD NIE, GLO EK KRAG.....
KAN ALLES VERWOES.**

2. INTEGRITEIT vestig vrymoedigheid vir INTIMITEIT

DUBBELHARTIG is nie integriteit nie. HIPOCRATE = ACTOR (Maskers ruil)
INTIMITEIT VEREIS OPREGTHEID.

INTEGRITEIT BETEKEN NIE OM PERFEK TE WEES NIE, MAAR DEURSIGTIG.

Hebreërs 4:14-16 (AOV)

TERWYL ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, *naamlik* Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.

15Want *ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie*, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, *maar sonder sonde*.

16Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

GOD SE INTEGRITEIT BEPAAL MY INTEGRITEIT

3. INTEGRITEIT is die BESVESTIGER vir OUTORITEIT

Spreek 10:9

Hy wat in opregtheid wandel, wandel veilig, maar hy wat sy weë krom maak, word bekend.

Spreek 3:3-5 (AOV)

Laat liefde en trou jou nie verlaat nie; bind dit om jou hals, skryf dit op die tafel van jou hart, dan sal jy genade vind en 'n goeie insig in die oë van God en die mense. Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.

Ou dae was handskud goed want my eer was genoeg, vandag is kontrak wat INTEGRITEIT bepaal. Reputasie van die kontrak, nie my nie.

JOU LEWE WAT JY LEWE GEE JOU WOORDE OUTORITEIT.

**As jy jousef nie kan vertrou met iets nie, het jy nie geloof vir iets nie!
Jy downplay jou issue teenoor ander se foute, maar dit gaan nie oor hulle nie.**

HOE LYK MY INTEGRITEIT?

Ananias en Saffira - GOD SE GELD GESTEEL

As jy van God steel, sal jy van ander steel.

As ek oneerlik optree in een ding sal jy later oneerlik optree in groot goed.

INTEGRITEIT

A - EK MAAK DROOG, EK MAAK REG.

B - JY MAAK DROOG, EK HELP JOU REGMAAK. EKSTRA MYL.

INTEGRITEIT IS GOD SE GESKENK VIR JOU! HY IS ALTYD DIESELFDE!

DINK HIERAAN:

1. Die Here het sy integriteit op die spel geplaas om vir my Sy heerskappy te gee en om Hom te verteenwoordig waar ek kom.
2. Wat leer ek uit die verstaan van my Identiteit m.b.t. integriteit?
3. Watter invloed het my integriteit op my verhouding met die Here?
4. Integriteit is die keuse wanneer ek in posisie van outoriteit staan. Hoe beïnvloed dit my lewe?